2007 SABT Boerboelskoue

Bron: Anemarí Pretorius, SABT Uitvoerende Komitee
Datum: 2 Augustus 2007

Die SABT nooi alle Boerboeltelers, -eienaars, -liefhebbers en diegene wat graag meer wil weet oor hierdie unieke Suid-Afrikaanse hond, na die 2007 Boerboelskoue.

Daar word ses streekskoue in al die provinsies (buiten Limpopo) gehou. Provinsiale wenners sal daarna op 17 November aan die Nasionale Kampioenskappe in Parys in die Vrystaat deelneem.

'n Boerboelskou is anders as 'n keuringsdag omdat die keurkaarte nie gebruik word nie, maar die wenners in onderskeie klasse deur 3-4 beoordelaars aangewys word.

Die eerste vyf skoue word in September gehou en die laaste een op 6 Oktober. Belangstelling in die skoue oortref alle verwagtinge en baie telers en eienaars wil soveel as moontlik skoue bywoon. Om hulle tegemoet te kom, word die Noordwes- en Vrystaatskoue nou op verskillende datums gehou, nl. 8 September in Potchefstroon en 15 September in Bloemfontein.

Lokale en aanvangstye:

Datum	Tyd	Plek	Navrae	Tel / Faks / E-pos
8 September Skou 1	09:00	BKB Vendusiekraal, Potchefstroom Noordwes	Lood Mienie	M 082 9252 388
9 September Skou 2	10:00	Sportgronde Brackenfell Wes-Kaap	Anemarí Pretorius	M 082 870 2610 F 021 919 4051 anemari@cybersmart.co.za
15 September Skou 3	09:00	Boeremark Bloemfontein Vrystaat	Roelie van Heerden	M 082 301 5107 brekerboerboel@absa.co.za
22 September Skou 4	09:00	Woodburn Rugbystadion, Pietermaritzburg KwaZulu-Natal	Chris Boshoff	M 082 565 6105 nyamvubu@lantic.net
29 September Skou 5 Keuring	10:00 09:00	Rottweiler Klub (*agter Green Acres-winkelsentrum*) Port Elizabeth Oos-Kaap	Helgaardt Mostert	M 082 564 5454 F 041 919 1092 la-bella@telkomsa.net
6 Oktober Skou 6	09:00	Zwartkop Hoërskool (*uit R101 –Ou Johannesburgpad*) Centurion Gauteng	Piet Visser	M 083 336 5488 F 012 668 1835 pietvisser@eject.co.za

Nasionale skou

Datum	Time	Plek	Navrae	Tel / Faks / E-pos
17 November	09:00	Afridome Parys Vrystaat	Helgaardt Mosterdt	M 082 564 5454 F 041 919 1092 la-bella@telkomsa.net

Dagboek hierdie byeenkomste nou en kom deel in die pret, gespog en kommunikasiegeleenthede.

- Deelnemerinligting
- Inskrywingsvorm

NB:

1. Inskrywingsvorms en bewys van betaling moet die kontakpersoon ten minste 2 weke voor die betrokke skou bereik.
2. Voorafbetaling van registrasiegeld (R50 per inskrywing): Bevestig prosedure met betrokke kontakpersoon.